**10 Januarie** **Skrifgedeelte: Matteus 7:13-29**
**Fokusgedeelte: Matteus 7:15**

## Onheilige verdraagsaamheid of heilige onverdraagsaamheid?

Ons leef in ‘n tyd waarin ons dikwels moet hoor dat ons verdraagsaam moet wees teenoor alles en almal. Veral wanneer dit oor godsdiens gaan, moet ons deesdae almal se standpunte respekteer en verdra. Verdraagsaamheid is goed en onverdraagsaamheid is sleg – só word ons geleer.

Maar Jesus sê: “Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe.” Moenie verdraagsaam wees teenoor vals profete nie, sê Hy. Daarin sien ons dat daar twee soorte verdraagsaamheid en twee soorte onverdraagsaamheid is, naamlik ‘n goeie soort en ‘n slegte soort. Daar is dus iets soos heilige en onheilige verdraagsaamheid en onverdraagsaamheid!

Moet nooit verdraagsaam wees teenoor valse profete nie. Dit sou onheilige verdraagsaamheid wees. Pasop vir hulle. Hier is heilige onverdraagsaamheid gepas!

Verdraagsaamheid teenoor valse profete laat toe dat verskeurende wolwe in die kudde van God verwoesting aanrig. Al word jy as onverdraagsaam uitgekryt as jy valse profete aan die kaak stel, moet dit jou nie afskrik nie. Jesus self sê dat ons vir hulle moet oppas en dat hulle, al lyk hulle soos skape, in werklikheid verskeurende wolwe is. Hulle wat jou van onverdraagsaamheid beskuldig omdat jy hulle dwaalleer uitwys, is gewoonlik self uiters onverdraagsaam teenoor die ware leer van die evangelie!

Maak dus altyd seker of die verdraagsaamheid in jou lewe heilig of onheilig is en of die onverdraagsaamheid in jou lewe heilig of onheilig is!

*Sing: Psalm 139:11* *Ds HPM van Rhyn (Wilropark)*